

# MEDIA RELEASE

25 November 2015

## Ouditeur-generaal rapporteer 'n effense verbetering in nasionale en provinsiale regering se auditresultate, maar waarsku teen slakkepas waarteen tekortkominge in interne beheer reggestel word

**PRETORIA** – Op nasionale en provinsialevlak sou die regering se auditresultate vir die boekjaar 2014-15 heelwat beter daar uitgesien het as hulle maar net vinniger gereageer het op ouditaanbevelings wat daarop gemik is om interne beheerstelsels te verbeter en bestuurskwessies en ander kwellinge wat deur sy kantoor geopper is, uit die weg te ruim, het Ouditeur-generaal (OG) Kimi Makwetu vandag gesê.

Met sy vrystelling van vanjaar se audituitkomste van nasionale en provinsiale staatsdepartemente en openbare entiteite (geouditeerde) het Makwetu gesê hy het waargeneem dat bestuur by die meeste geouditeerde (73%) "traag op die (audit)aanbevelings gereageer het wat daarop gemik is om hulle te help om sleutelinternebeheermaatreëls te verbeter en werk te maak van geïdentifiseerde risiko-areas. Dit het daartoe bygedra dat audituitkomste vir 2014-15 net effe verbeter het sedert 2013-14".

Makwetu het gesê dat alhoewel die marginale verbetering in audituitkomste prysenswaardig is, die regering 'n hoër marge van verbeterde resultate kon aanteken as leierskap hul pas versnel het waarteen daar werkgemaak word van internebeheertekortkominge wat in die vorige audit geïdentifiseer is. Versnelling van die pas behels die deurlopende verkleining van die spasie vir moontlike foute of die beperking van die misbruik in die hantering van openbare hulpbronne deur leierskapsgedrewe pogings. Dit, het die OG gesê, beteken dat daar van geouditeerde verwag word om die volgende basiese dinge behoorlik en konsekwent uit te voer:

- Implementering van planne om tekortkominge in finansiële beheermaatreëls aan te spreke, gegrond op verbintenisse wat reeds aangegaan is
- Voorsiening van doeltreffende leierskap en monitering van die bereiking van prestasieteikens

- Hersiening en monitering van nakoming van sleutelwette en -wetgewing rakende finansiële aangeleenthede

"Die geouditeerde wat gevorder het, of wat hul vorige jaar se positiewe oudituitkomste gehandhaaf het, het by die basiese dinge van skoon bestuursbeheer gehou, en inderwaarheid gedemonstreer dat dit maklik is om skoon oudits te behaal en te handhaaf as hierdie grondbeginsels in plek is," het die OG gesê.

Die OG se jongste verslag dek 'n totaal van 468 geouditeerde, waarby 167 nasionale en provinsiale departemente en 301 openbare entiteite ingesluit is met 'n totale begroting van R1 111 miljard vir die oorsigjaar.

Soos alle OGSA jaarlikse oudits, stel hierdie verslag ondersoek in na:

- billike aanbieding en afwesigheid van wesenlike wanvoorstellings in finansiële state (m.a.w. of daar ooreenkomsdig rekeningkundige en finansiële verslagdoeninggreëls met alle transaksies of gebeure gehandel is)
- betroubare en geloofwaardige prestasie-inligting vir die doeleindes van verslagdoening oor voorafbepaalde prestasiedoelwitte
- nakoming van sleutelwetgewing wat finansiële en prestasie-aangeleenthede beheer.

Die oudituitkomste en ontleding vervat in hierdie 2014-15 nasionale en provinsiale algemene verslae is gegrond op ons evaluering en assessering van die bogenoemde kriteria in al 468 auditverslae.

## **'n Vlugtige blik op die oudituitkomste**

### **A. Verbeterings in skoon oudits**

Makwetu het gesê die aantal geouditeerde wat 'n finansieel ongekwalifiseerde auditmening met geen bevindinge (skoon audit) ontvang het, het effens verbeter vanaf 118 (26%) in 2013-14 tot 131 (28%) in 2014-15.

Departemente het in 2014-15 'n betekenisvolle bydrae gelewer tot skoon auditmenings deur hul totaal vanaf 40 tot 47 te verhoog, terwyl 84 openbare entiteite skoon oudits ontvang het.

Onder die provinsies was die grootste bydraers tot die totale aantal skoon oudits die Vrystaat (ses – 32% van hul geouditeerde), KwaZulu-Natal (agt – 22% van hul geouditeerde), Gauteng (19 – 54% van hul geouditeerde) en die Wes-Kaap (20 – 83% van hul geouditeerde), terwyl 23 van die 35 ministeriële portefeuilles (66%) tot die 65 skoon oudits in nasionale regering bygedra het. Agteruitgang in die aantal geouditeerde met skoon auditmenings is bemerkt in Mpumalanga, die Noord-Kaap en Noord Wes. Ook noemenswaardig is dat 70% van die geouditeerde (85) met skoon oudits in die vorige jaar in staat was om hul skoon auditstatus te handhaaf.

Die ekonomiese sektor-, indiensneming- en infrastruktuurontwikkelingkluster het die beste uit die vyf regeringsklusters gevaaar, met 19 finansieel ongekwalifiseerde auditmenings waarby vyf skoon oudits ingesluit is. Geen van die sewe departemente in die justisie-, misdaadvorkoming- en sekuriteitskluster het 'n skoon audit behaal nie, alhoewel vier finansieel ongekwalifiseerd was.

### **B. Provincies teken verbeterde auditresultate aan**

Ses provinsies het netto verbeterings (d.w.s. meer verbeterings as regressies) aangeteken. Gauteng se audituitkomste het min beweging getoon (alhoewel daar steeds 'n hoë aantal skoon oudits is), terwyl die audituitkomste in Mpumalanga en die Noord-Kaap agteruitgegaan het. Onderwyl hy erken dat die netto verbetering in audituitkomste 'n "goeie aanduiding is dat audituitkomste in die algemeen, selfs al is dit net effe, aan die verbeter is," het Makwetu gesê dat dit hom kwel dat, met die uitsondering van Gauteng en die Wes-Kaap, die pas waarteen geouditeerde skoon auditmenings handhaaf oor alle provinsies heen agteruitgegaan het. Waar (audit)uitkomste in die ander vyf provinsies stagnant gebly het, het die uitkomste vir beide die Noord-Kaap en Mpumalanga vergeleke met 2013-14 agteruitgegaan.

### **C. Wetgewers het die voorbeeld gestel deur te wys dat skoon oudits bereikbaar is**

Makwetu het gesê dat hy bemoedig word deur die wetgewende sektor se positiewe auditresultate. "Hierdie aansienlike verbetering hou belofte in en verleen 'n positiewe ondertoon aan die strewe na grootskaalse skoon administrasie in die openbare sektor."

Die wetgewende sektor bestaan uit die parlement en die nege provinsiale wetgewers. Uit hierdie 10 het ses skoon auditmenings ontvang, terwyl Noord Wes, Noord-Kaap en Limpopo se wetgewers ongekwalifiseerde menings met bevindinge ontvang het. Slegs die KwaZulu-Natal-wetgewer het 'n gekwalifiseerde mening ontvang.

## **D. Merkbare verbetering in die gehalte van voorgelegde finansiële state**

Die gehalte van die finansiële state wat vir ouditering voorgelê is, het verbeter vanaf die 43% van geouditeerdedes wie se finansiële state in 2013-14 geen wesenlike wanvoorstellings bevat het nie na 51% (224) in 2014-15; die ongekwalifiseerde menings oor finansiële state staan egter steeds op 76%.

## **E. Opsomming van audituitkomste**

### **Skoon audits**

Die aantal geouditeerde wat 'n finansieel ongekwalifiseerde auditmening met geen bevindinge (skoon audit) ontvang het, het effens verbeter vanaf 118 (26%) in 2013-14 tot 131 (28%) in 2014-15.

### **Finansieel ongekwalifiseerde mening met bevindinge**

Die aantal geouditeerde met finansieel ongekwalifiseerde auditmenings met bevindinge het met 2% gedaal vanaf 237 (50%) in die vorige jaar tot 224 (48%) in 2014-15.

### **Gekwalifiseerde auditmenings**

Die aantal geouditeerde met gekwalifiseerde auditmenings het tot 68 (14%) gedaal vanaf die 74 (16%) wat verlede jaar gerapporteer is. Hierdie geouditeerde was nie in staat om toereikend en akkuraat van al hul finansiële transaksies en aktiwiteite rekenskap te gee nie. Hulle finansiële state is dus op sekere terreine onbetroubaar.

### **Ongunstige menings**

Die aantal geouditeerde met ongunstige auditmenings het dieselfde (drie) as in die vorige jaar gebly.

### **Weerhouding van auditmenings**

Nasionaal was daar 'n afname in die aantal geouditeerde van wie 'n auditmening weerhou is, vanaf 22 (5% in die vorige jaar) tot 14 (3%).

### **Uitstaande auditmenings**

Teen die afsnydatum vir hierdie ontleding was die menings vir 28 geouditeerde steeds uitstaande. Van hierdie is 16 menings sedertdien gefinaliseer. Alhoewel hierdie ontleding nie kommentaar oor hierdie

menings lewer nie, is dit werd om daarop te let dat drie van hierdie geouditeerde ongekwalifiseerde menings sonder bevindinge behaal het, naamlik:

- Ithala Bpk. (KwaZulu-Natal)
- Agribank Krediteure-vereffeningstrust (Noord Wes)
- Departement van Vervoer en Openbare Werke (Wes-Kaap)

## Ander sleutelouditwaarnemings

Benewens die oorhoofse oudituitkomste, lig die OG se verslag ook die volgende ouditwaarnemings uit waaraan die koördinerende en moniterende departemente, uitvoerende owerhede en toesighoudende strukture aandag sal moet skenk:

### A. Uitkomste van sleutelaflieveringsektore

Die OG se verslag sluit die uitkomste in van sy kantoor se oorsig van programuitvoering in die sektore basiese en hoër onderwys (met 'n gekombineerde begrotingstoewysing van R257 miljard), gesondheid (R146 miljard), openbare werke (R32 miljard) en mensevestigings (R28 miljard). Die gekombineerde begroting wat aan hierdie sektore toegewys is, beloop nagenoeg die helfte van die nasionale begroting. Makwetu het gesê dit is 'n duidelike aanduiding van waarop toesighoudingswerk grotendeels as 'n prioriteit afgestem behoort te word aangesien die grootste impak in hierdie area gevoel sal word indien broodnodige bykomende aandag aan al die aflewing- en toesiginstrumente bestee word.

Die OG het gesê die onderwys-, gesondheid- en openbarewerkesektor se uitkomste is steeds die swakste. Daar is egter 'n paar belowende vooruitsigte aangesien die getal geouditeerde met skoon ouditmenings in hierdie sektor vanaf een in 2013-14 tot twee in die huidige tydperk toegeneem het. Hy het gewaarsku dat daar veral aandag geskenk moet word aan Limpopo se onderwysdepartement aangesien 'n ouditmening vir die departement weereens weerhou is.

"My boodskap uit die vorige jaar geld steeds. Daar behoort op hierdie departemente gefokus te word om betekenisvolle beweging in die rigting van akkurate, aanspreeklike en deursigtige finansiële en prestasieverslagdoening plaasvind. Dit behoort ondersteun te word deur gesonde interne beheermaatreëls en goeie mensehulpbronbestuur, waarby opsckerping van persoonlike aanspreeklikheid en die bestuur van gevolge ingesluit is," was Makwetu se raad.

## **B. Gehalte van jaarlikse prestasieverslae**

Ondanks die effense verbetering van 4% vergeleke met die vorige jaar, was die aantal geouditeerde wat nie in staat was om jaarlikse prestasieverslae van gehalte voor te lê nie, steeds so hoog as 54%.

## **C. Nakoming van wetgewing**

Daar was 'n effense verbetering vanaf 27% van geouditeerde wat in 2013-14 geen wesenlike bevindinge rakende nakoming van sleutelwetgewing gehad het nie tot 30% in die huidige jaar. Van die 300 geouditeerde wat wesenlike bevindinge rakende nakoming gehad het, het 230 (77%) wesenlike bevindinge gehad wat 'n potensiële negatiewe finansiële impak of verlies vir die geouditeerde kan inhoud.

## **D. Gebreke in aanvoerkettingbestuur as 'n oorsaak van onreëlmataige uitgawes**

Volgens Makwetu was daar 'n mate van verbetering in aanvoerkettingbestuur, maar die aantal geouditeerde met bevindinge was steeds hoog. Slegs 43% van geouditeerde (vergeleke met 39% in 2013-14) het geen bevindinge op hierdie terrein gehad nie.

Hy het gesê dat die sleutelaandrywer van hierdie bevindinge steeds neerkom op geouditeerde wat nie mededingende of billike verkrygingsprosedures volg nie, soos waargeneem by 31% van geouditeerde wat wesenlike bevindinge oor voorsieningskanaalbestuur gehad het.

"Dit het grotendeels bygedra tot die onreëlmataige uitgawes van R25,7 miljard vir hierdie jaar. Hierdie besteding beteken nie noodwendig dat geld in alle gevalle verkwis is of dat bedrog gepleeg is nie. Onthou dat geen spesifieke gedetailleerde ondersoek in 'n oudit uitgevoer word om die ware wese van en redes vir die afwykings vanaf voorgeskrewe beheermaatreëls te bepaal nie. Dit is om hierdie rede dat ons, soos vereis deur die Wet op Openbare Finansiële Bestuur (WOFB), hierdie gevalle rapporteer sodat diegene aan wie bestuursbeheer opgedra is, die nodige ondersoek kan gelas om te bepaal of hulle saam stem met die bestuursoptrede wat met hierdie transaksies verband hou, al dan nie. Die erns en omvang van hierdie afwykings vanaf die voorsieningskanaal kan slegs met sekerheid bepaal word wanneer daardie ondersoek onderneem en daaroor verslag gedoen is. Hierdie is die konteks waarbinne ons in hierdie verslag onreëlmataige uitgawes uitlig."

"Ook hier het 'n aantal geouditeerde se nalating om hierdie transaksies op te volg en te sorg dat onreëlmataige uitgawes daadwerklike gevolge inhoud, tot gevolg gehad dat hul kwesbaarheid vir uitbuiting weens gebrekkige beheermaatreëls uitgebuit is, wat moontlik beduidende verliese vir die

fiskus tot gevolg gehad het. Te wyte hieraan materialiseer sekere verliese waarskynlik reeds weens kontrakte of verlengings van bestaande kontrakte wat met min ontsag vir voorsieningskanaalvoorskrifte onreëlmatic toegeken en geïmplementeer is, waar hierdie voorskrifte ten doel het om deursigtigheid en doeltreffende besteding van openbare fondse te bevorder," het die OG gesê.

#### **E. Afname in vrugtelose en verkwistende uitgawes**

Die OG se verslag dui daarop dat daar sedert 2013-14 'n afname was in die waarde van vrugtelose en verkwistende uitgawes, en dat die getal geouditeerde wat hierdie tipe uitgawes aangegaan het, ook afgeneem het. Vrugtelose en verkwistende uitgawes is besteding wat tevergeefs aangegaan is en wat vermy kon word indien redelike sorg uitgeoefen is.

Vir die huidige en vorige jare het 197 geouditeerde vrugtelose en verkwistende uitgawes aangegaan, waarvan 151 (geouditeerde) sodanige uitgawes oor die afgelope drie jaar aangegaan het. Van die R936 miljoen aan vrugtelose en verkwistende uitgawes wat in die oorsigjaar aangegaan is, is R32 miljoen (3%) aangegaan om verdere vrugtelose en onreëlmatic uitgawes of verliese te voorkom. Dit hou normaalweg verband met die koste om onreëlmatic kontrakte of kontrakte met wanpresteerders te kanselleer.

Makwetu het gesê dit is werd om daarop te let dat 80% van hierdie uitgawes deur die geouditeerde geïdentifiseer is, "wat op 'n verbetering in die bespeuring en rapportering van sulke uitgawes du".

#### **F. Ongemagtigde uitgawes neem af**

Die OG het gesê dat daar sedert 2013-14 'n merkbare afname in ongemagtigde uitgawes was. Hierdie uitgawes wat deur geouditeerde aangegaan is, stem nie ooreen met die goedgekeurde begroting nie. Die algehele afname, volgens Makwetu, is grotendeels te danke aan 'n aansienlike afname in KwaZulu-Natal (79%) en Limpopo (69%), terwyl nasionale geouditeerde hulle ongemagtigde uitgawes met 55% verlaag het. Vyftien geouditeerde het ongemagtigde uitgawes in die huidige en vorige jaar aangeteken, waarvan nege sodanige uitgawes oor die afgelope drie jaar aangegaan is.

Makwetu het gesê dat 99% van die ongemagtigde uitgawes deur die departemente self geïdentifiseer is, onderwyl sy kantoor se auditproses die oorblywende 1% uitgewys het. Van die R1 641 miljoen in ongemagtigde uitgawes wat in 2014-15 aangegaan is, is die meeste (99%) te wyte aan oorbesteding van die goedgekeurde begroting of 'n hoofafdeling binne die begroting.

#### **G. Grondoorsake van oudituitkomste**

Die bestuur se traagheid om sleutelbeheermaatreëls te verbeter en om aandag aan risiko-areas te skenk (73% van geouditeerde), is grotendeels uitgewys as die vernaamste grondoorsake vir ouditbevindinge. 'n Gebrek aan stabilitet en ongevulde sleutelposte is steeds die tweede belangrikste oorsaak van bevindinge (46% van geouditeerde). Teen 42% van geouditeerde bly die gevolge van swak prestasie en oortreding, as gevolg van 'n swak interne beheeromgewing, onvoldoende. Die stand van menslikehulpbronbestuur is steeds swak in die meeste provinsies. Noemenswaardige uitsonderings is Gauteng en die Wes-Kaap waar 56% en 100% van die geouditeerde, onderskeidelik, klaarblyklik oor goeie beheermaatreëls vir mensehulpbronne beskik. Hierteenoor het slegs 16% en 25% van geouditeerde in die Noord-Kaap en Noord Wes goeie beheermaatreëls vir mensehulpbronbestuur in plek. Vakante sleutelposte – in die besonder hoofde van voorsieningskanaalbestuur en dié van hoof-finansiële beampetes – bly aan die orde van die dag.

## **Verdere vername optrede waartoe die regering se leierskap kan oorgaan om resultate verder te verbeter**

Die OG sê dat leierskap op geouditeerde-, uitvoerende- en toesighoudende vlak of by sleuteldepartemente, soos by tesourieë en in premiers se kantore, grotendeels tot verbeterde oudituitkomste bygedra het en in die toekoms steeds 'n vername rol in hierdie verband sal vervul. Hy moedig leiers aan om deurlopend hul waarborgrol aan die hand van die volgende optrede op te skerp:

**Uitvoerende gesag** – monitor vordering met prestasie en dwing aanspreeklikheid sowel as die gevolge van swak prestasie af.

**Nasionale Tesourie/Departement van Staatsdiens en Administrasie** – monitor nakoming van wetgewing en dwing gepaste optrede af.

**Toesighoudende liggame (portefeuiljekomitees)** – beoordeel en monitor kwartaallikse vordering met aksieplanne ten einde tekortkominge die hoof te bied.

**Komitee oor openbare rekeninge** – oefen na goeddunke gereeld spesifieke toesig oor enige verslag uit.

**Nasionale Vergadering** – verskaf onafhanklike toesighouding oor die betroubaarheid, akkuraatheid en geloofwaardigheid van nasionale en provinsiale regering.

"Selfs al het ons deurentyd klem gelê op die rol wat leierskap in die versterking van beheermaatreëls binne departemente en entiteite vervul, moet ons nogtans weer daarop wys dat daardie areas waaraan aandag gegee moet word, grotendeels uitgeskakel kon wees as diegene in beheer (hetsy polities of administratief) strawwe maatreëls ingestel het om van gebrekkige beheer werk te maak. Ons glo steeds vas dat indien leierskap hulle tot ferme en besliste optrede verbind het, hierdie oudittekortkominge maklik die hoof gebied kon word.

"Voeg hiertoe by dat 'n internebeheeromgewing kwalitatief sterker sal wees as almal wat 'n aandeel in die stelsel het, weet – en ervaar – watter gevolge afwykings vanaf daardie voorgeskrewe reëls en prosesse inhoud wat juis ontwerp is om geld te beskerm en te verseker dat daar deursigtig oor hul doen en late verslag gedoen word. Sodoende kan ons 'n sterk kultuur wat op aanspreeklikheid en goeie prestasie gegrond is, ontsluit," het Makwetu bygevoeg.

**Utgereik deur:** Ouditeur-generaal van Suid-Afrika

**Kontak:** Africa Boso • (012) 422 9880 • Africab@agsa.co.za



**Volg die OGSA op Twitter:** [https://twitter.com/AuditorGen\\_SA](https://twitter.com/AuditorGen_SA)

**Aantekening vir die media:** Die Gekonsolideerde algemene verslag oor die uitkomste van plaaslike owerhede se oudits ingevolge die WOFA tesame met alle individuele provinsiale verslae is beskikbaar op [www.agsa.co.za](http://www.agsa.co.za). Hierdie persvrystelling en sy vertaalde weergawes in seSotho, xiTsonga, isiXhosa, isiZoeloe en Engels is ook beskikbaar op ons webwerf.

**Meer oor die OGSA:** Die OGSA is die land se hoogste ouditinstansie. Dit is die enigste instelling wat, volgens wet, die regering se besteding van belastingbetalers se geld moet ouditeer en daaroor verslag moet doen. Sedert sy totstandkoming in 1911, fokus die OGSA daarop om hierdie funksie gestand te doen – 'n nalatenskap wat hierdie auditliggaam ná 'n honderd jaar se diens aan die openbare sektor met groot dankbaarheid in 2011 kon vier.

# BYKOMENDE INLIGTING VIR DIE MEDIA

## Wat met auditmenings bedoel word

### a) Finansieel ongekwalifiseerde auditmenings met geen bevindinge (skoon audit)

'n Geouditeerde ontvang 'n skoon auditmening wanneer sy finansiële state ongekwalifiseerd is, met geen gerapporteerde auditbevindinge ten opsigte van óf verslagdoening oor voorafbepaalde doelwitte óf nakoming van vername wetgewing nie.

### b) Finansieel ongekwalifiseerde mening met bevindinge

Hierdie is geouditeerdes wat die kritieke toets van billike aanbieding van finansiële state geslaag het, wat daarop neerkom dat hulle op 'n redelike wyse rekenskap gegee het van hul finansiële transaksies. Daar is egter bevindinge uitgespreek oor hul prestasie-inligting of hul nakoming van vername wetgewing, of beide van hierdie aspekte.

### c) Gekwalifiseerde auditmenings

'n Aantal geouditeerdes in hierdie kategorie het die OGSA van prestasie-inligting voorsien wat óf nie bruikbaar óf nie betroubaar was nie, wat hul vermoë om doeltreffend rekenskap te gee, gekompromitteer het. In sommige gevalle is hierdie geouditeerdes se beheermaatreëls ten opsigte van die nakoming van vername wetgewing ontoereikend.

### d) Ongunstige menings

Die entiteite wat ongunstige menings ontvang het, se prestasie stem ooreen met dié van diegene wat gekwalifiseerde menings ontvang het. Die verskil hier is dat die inligting wat op die meeste (in stede van net 'n paar) terreine in hul finansiële state aangebied is, nie bruikbaar of betroubaar is nie.

### e) Weerhoude auditmenings

Nasionaal was daar 'n afname in die getal geouditeerdes van wie 'n auditmening weerhou is, vanaf 22 (5% in die vorige jaar) tot 14 (3%). Hierdie geouditeerdes kon nie die verlangde bewyse lewer vir die inligting wat in hul finansiële state aangebied is nie – derhalwe kon die ouditeure nie tot 'n

gevolgtrekking kom of 'n mening uitspreek oor die geloofwaardigheid van hul finansiële state nie. Voorts kom geouditeerde met ongunstige en weerhoude menings tipies nie sleutelwetgewing na nie.



*Auditing to build public confidence*

AUDITOR-GENERAL  
SOUTH AFRICA

## **Hoogtepunte uit die oudit van die onderskeie provinsies**

### **Hoogtepunte: Uitkomste van die 2014/15-WOFB-oudit vir die Oos-Kaap**

Die Provinciale Administrasie van die Oos-Kaap bestaan uit 14 departemente en 10 openbare entiteite, met 'n totale begrotingstoewysing van R65 miljard vir 2014-15. Al 24 geouditeerde het finansiële state voorgelê en die ouditering hiervan is volgens wet binne die gegewe tydperk afgehandel.

Gedurende die oorsigjaar het die provinsie 'n netto verbetering van een oudituitkomste behaal deurdat vier verbeterings en drie verswakkings aangemeld is. Alhoewel dit bemoedigend is om daarop te let dat drie van die vier verbeterings verband hou met geouditeerde wat na die kategorie 'ongekwalifiseerd met bevindinge' gevorder het, bly dit steeds 'n bron van kommer dat slegs een van die vier geouditeerde met 'n skoon oudit in die vorige jaar daarin kon slaag om hierdie uitkomste te behou.

Oorhoofs beskou, het die gehalte van finansiële state verbeter. Vier oudits (17%) het ongekwalifiseerde uitkomste met geen bevindinge oor verslagdoening rakende voorafbepaalde doelwitte of nakoming van wetgewing ontvang; 15 (62%) het ongekwalifiseerde uitkomste met bevindinge oor verslagdoening rakende voorafbepaalde doelwitte en/of nakoming van wetgewing ontvang terwyl vyf (21%) op ongekwalifiseerde uitkomste gestagneer het.

Sewe-en-sewentig persent (77%) of R50 miljard van die provinciale begroting het betrekking op onderwys, gesondheid en paaie en openbare werke, waarvan almal weer eens nie in staat was om deursigtig te rapporteer oor hoe hulle die geld bestee het wat aan hulle toegewys is nie. Hierdie departemente het almal gekwalifiseerde oudits ontvang, met bevindinge oor die betroubaarheid van hul verslagdoening oor werklike prestasie soos vervat in hul jaarlikse prestasieverslae. Daar was ook talryke bevindinge oor hul nakoming van wetgewing, met inbegrip van wetgewing wat op voorsieningskanaalbestuur van toepassing is. Vier-en-tagtig persent van die onreëlmataige uitgawes wat deur hierdie provinsie aangegaan is, kan ook voor die deur van hierdie departemente gelê word.

Daar was 'n verbetering in die bruikbaarheid van die doelwitte, aanwysers en teikens wat in provinsiale departemente en openbare entiteite se beplanningsdokumente vervat is. Die een noemenswaardige uitsondering is egter die Departement van Onderwys, wie se begroting van R28,2 miljard 43% uitmaak van die totale begroting wat aan die provinsie toegewys is.

Nakoming van wetgewing bly steeds 'n uitdaging, aangesien 83% van die geouditeerde steeds bevindinge in hierdie verband gehad het. Die mees algemene klagtes verwant aan gebrekkige nakoming wat aangemeld is, hou verband met nalating om ongematige, onreëelmatige sowel as vrugtelose en verkwestende uitgawes te verhoed (63% van geouditeerde), verkryging- en kontrakbestuur (54% van geouditeerde), en die indiening van finansiële state vir ould wat wesenlike foute bevat (50% van geouditeerde). Die provinsie se leierskap behoort die voorbeeld te stel deur beslis op te tree teen diogene wat daarvoor verantwoordelik is dat wetgewing en, in die besonder, voorskrifte verwant aan voorsieningskanaalbestuur verontagsaam word.

Selfs al het die gerapporteerde bedrag wat die provinsie aan onreëelmatige uitgawes bestee het van R2,45 miljard in die vorige jaar tot R1,43 miljard in die huidige jaar afgeneem, bly dit steeds hoog. Vier-en-negentig persent van die onreëelmatige uitgawes wat in die provisie gerapporteer is, is toe te skryf aan oortredings wat met voorsieningskanaalbestuur verband hou. As daar 'n einde aan hierdie tipe uitgawes gemaak moet word, sal bestuur dringend moet ingryp.

Hierdie provinsie word steeds voor die uitdaging gestel om 'n diens in belang van die publiek daar te stel wat finansieel deursigtig is en met 'n geruste hart oor sy prestasies verslag kan doen. Hier behoort die rekenpligtige beampies, met die ondersteuning van alle staatstrukture, die voortou te neem. Deur self onkreukbare etiese en professionele gedrag aan die dag te lê, moet die rekenpligtige amptenare demonstreer dat doelbewuste skending van interne beheermaatreëls en afwykings vanaf toepaslike wetgewing nie geduld sal word nie.

In reaksie op die uitkomste het die provinsiale rolspelers onderneem om prosesse te implementeer wat aanspreeklikheid sal afdwing, wetgewende nakoming sal versterk en die geloofwaardigheid van in-jaarverslagdoening en -monitering sal verbeter. Indien dit toegepas word, sal dit 'n grondslag lê waarop die provinsie kan voortbou. **Einde**

### **Hoogtepunte: Uitkomste van die 2014/15-WOFB-oudit vir die Vrystaat**

Die Vrystaatse provinsiale regering bestaan uit 13 departemente (met inbegrip van die wetgewer) en agt openbare entiteite. Die Vrystaat-behuisingsfonds en Natuurbewaringtrustfonds word nie by die algemene verslag ingesluit nie aangesien hulle onaktief is. Beide fondse het ongekwalificeerde ouditmenings sonder bevindinge ontvang. Die Politiekepartyfonds is ook nie by hierdie verslag se ontleding ingesluit nie omdat hulle nog nie hul finansiële jaarstate ingedien het nie.

Die provinsie se totale aangesuiwerde begrotingstoewysing vir 2014-15 het R28,546 miljard beloop. Die begrote syfer sluit slegs begrote departementele fondse in (met ander woorde, openbare entiteite is nie hierby ingesluit nie). Daar is in hoofsaak aan die volgende bestee:

- Werknemerkoste – R17,359 miljard
- Goedere en dienste – R5,253 miljard
- Oordragbetalings – R3,897 miljard
- Kapitaalbesteding – R2,037 miljard.

Oorhoofs was daar oor die afgelope drie jaar 'n jaar-op-jaar-verbetering in die oudituitkomste met ses geouditeerde (32%) wat skoon oudituitkomste behaal het. Twee departemente, naamlik die Departement van die Premier en die Departement van Openbare Werke en Infrastruktuur, het tot 'n skoon ouditmening gevorder, onderwyl die Departement van Onderwys gevorder het tot 'n ongekwalifiseerde ouditmening met bevindinge. Die vordering wat deur hierdie geouditeerde getoon is, is te danke aan leierskap se voorneme en sorg om werk te maak van bevindinge wat in die vorige jaar se oudit uitgewys is.

Die provinsiale tesourie, die Departement van Sport, Kuns, Kultuur en Ontspanning, die provinsiale wetgewer en die handelsentiteit Vlootbestuur het daarin geslaag om hul skoon ouditmenings te behou.

Die Departemente Mensevestigings en Gesondheid bly onveranderd en behou hul gekwalifiseerde ouditmenings.

Dit is prysenswaardig dat geen oudituitkomste die afgelope jaar agteruitgegaan het nie.

Geouditeerde het grotendeels daarin geslaag om ongekwalifiseerde ouditmenings met bevindinge te handhaaf. Selfs al is hierdie die oudituitkomste waarop die meeste geouditeerde stagneer, was daar 'n merkbare verbetering in hul sleutelbeheeromgewing.

Die algehele verbetering in die provinsie se sleutelbeheeromgewing kan toegeskryf word aan leierskap, senior bestuur, interne oudit en ouditkomitees se vermoë om waarborgte te lewer.

Agt geouditeerde (44%) het finansiële state voorgelê waar geen wesenlike aansuiwerings nodig was om kwalifisering te vermy nie.

Selfs al het nakoming van wette en regulasies verbeter, blyk dit steeds 'n probleem by 67% van geouditeerdedes te wees. Daar was 'n verbetering in die aantal geouditeerde wat geen bevindinge rakende aanvoerkettingbestuur gehad het nie.

Die provinsie se vordering ten opsigte van verslagdoening oor voorafbepaalde doelwitte met die oog daarop om op 'n deursigtige wyse verslag te doen oor die mate waartoe diensleweringsoogmerke bereik is, is traag. Selfs al was 50% van die geouditeerde se rapportering van prestasie-inligting sonder bevindinge, het die gehalte van die ingediende jaarlikse prestasieverslae agteruitgegaan aangesien aansuiwerings aan 25% van die geouditeerde se verslae aangebring moes word om bevindinge te vermy.

Onreëlmataige uitgawes het sedert die vorige jaar met 30% afgeneem maar bly, soos aangegaan deur 14 geouditeerde (78%), teen R1,569 miljard steeds hoog. Nege-en-negentig persent van hierdie onreëlmataige uitgawes kan voor die deur van die departemente Gesondheid, Mensevestigings en Onderwys gelê word. Hierdie departemente het nie toereikende stappe gedoen om die gevolge van swak prestasie en oortredings aan te spreek nie. Ses geouditeerde het onthul dat hulle nog ondersoek moet instel na die verkrygingsproses wat onderneem is ten einde te bepaal of die moontlikheid van onreëlmataige uitgawes bestaan en, indien wel, wat die volle omvang daarvan sou wees, wat 'n beduidende toename in onreëlmataige uitgawes in die komende jaar tot gevolg kan hê.

Ongemagtigde uitgawes het sedert die vorige jaar met 28% toegeneem. Ongemagtigde uitgawes ter waarde van R601 miljoen wat deur drie departemente (23%) in 2014-15 aangegaan is, is toe te skryf aan oorbesteding van die begroting. Onderwys is verantwoordelik vir 98% van die ongemagtigde uitgawes. Ongemagtigde uitgawes sou selfs hoër gewees het indien opgehoopte bedrae ouer as 30 dae ten bedrae van R1,1 miljard vóór jaareinde afgelos is.

Die finansiële welstand van die provinsie het sedert die vorige jaar verswak aangesien 10 geouditeerde (56%) se finansiële volhoubaarheid erge kommer wek. Die toename van 28% in ongemagtigde uitgawes, wat hoofsaaklik deur die Departement van Onderwys aangegaan is, plaas verdere druk op die beperkte kontantvloei wat deur hierdie provinsie ervaar word. Indien daar nie daadwerklik aan hierdie situasie aandag geskenk word nie, sal toekomstige dienslewering nadelig beïnvloed word. **Einde**

#### **Hoogtepunte: Uitkomste van die WOFB-oudit vir Gauteng vir 2014-5**

Gauteng se provinsiale regering (GPG) bestaan uit 16 departemente, waarby die kantoor van die premier, provinsiale wetgewer, provinsiale inkomstefonds en 20 entiteite ingesluit is. Die algemene verslag sluit inligting

rakende die GEP (Gauteng Enterprise Propeller) en die provinsiale inkomstefonds uit aangesien hierdie oudits nog nie teen 14 Augustus 2015 afgehandel was nie, welke datum die afsnypunt is waarop oudituitkomste vir insluiting by daardie verslag ingedien moes word.

Die GPG het in 2014-15 oorhoofs goeie oudituitkomste gehandhaaf, met 19 geouditeerde (54%) (2013-14: 19 [54%]) wat skoon oudits behaal het. Dit is bemoedigend om te sien dat 16 geouditeerde (46%) die vorige jaar se status van 'n skoon audit behou het, onderwyl Gauteng se Departement Ekonomiese Ontwikkeling en Finansies sowel as die Gauteng Dobbelraad tot 'n skoon audit gevorder het.

Net soos die vorige jaar het 13 geouditeerde (37%) finansieel gekwalificeerde auditmenings met bevindinge oor hul prestasie-inligting, nakoming van wetgewing, of beide van hierdie aspekte, ontvang. Mensevestigings het werksgemaak van die vorige jaar se kwalifiserende areas en het 'n finansieel ongekwalificeerde mening met bevindinge ontvang.

Streng kostebesparende maatreëls en departemente se pogings om hul begrotings te moniteer, het daartoe bygedra dat geen ongemagtigde uitgawes in die oorsigjaar aangeteken is nie.

Die voormalde goeie auditresultate en verbeterings is te danke daaraan dat die premier, LUR vir Finansies en die provinsiale wetgewer hulle daartoe verbind het om 'n skoon administrasie te behaal en aangedring het op 'n kultuur van aanspreeklikheid, etiese gedrag en gesonde finansiële bestuurspraktyke. Voorts het stabiliteit op die vlak van rekenpligtige beampete en senior bestuur tot 'n mate daartoe aanleiding gegee dat daar 'n verbetering was in die implementering en monitering van aksieplanne wat daarop afgestem is om herhaalde bevindinge uit die weg te ruim en goeie praktyke te handhaaf. Hierdie poging is versterk deur die rol wat deur die onderskeie onderskrywers en toesighoudende strukture vervul is, met inbegrip van die auditkomitee en koördinerende departemente soos Gauteng se Provinsiale Tesourie.

Gauteng se Departement van Sport, Kuns, Kultuur en Ontspanning, die Gauteng-befondsingagentskap en Gauteng se Groei- en Ontwikkelingsagentskap het agteruitgegaan vanaf 'n skoon oudituitkomste tot 'n finansieel gekwalificeerde auditmening met bevindinge. Hierdie geouditeerde kon nie daarin slaag om 'n interne beheeromgewing daar te stel wat tot só 'n mate ontwikkel het dat dit proaktief kan reageer om enige bespeurde of vermoede skendings van interne beheermaatreëls af te weer of te verhoed nie.

Voorts het die handelsentiteit Vlootbestuur het vanaf 'n ongunstige mening in die vorige jaar tot 'n geweierde mening in die oorsigjaar verswak. Dit is grootliks te danke daaraan dat administratiewe leierskap nie aanspreeklikheid wil aanvaar nie en ook nie met die nodige dringendheid en sorg gereageer het op bevindinge uit die vorige jaar se interne en eksterne audit nie, met die gevolg dat daar nie na behore hieraan aandag geskenk is nie.

Gesondheid is weer eens op opgelope departementele inkomste (ontvangbare rekeninge) gekwalifieer weens 'n wesenlike tekortkoming wat in die bestuur van ontvangbare rekeninge geïdentifiseer is.

Nienakoming van vername wetgewing verhoed steeds dat 43% van geouditeerde skoon oudituitkomste behaal. Oortredings ten opsigte van voorsieningskanaalbestuur en onreëlmataige uitgawes is steeds aan die orde van die dag. Die bedrag wat na bewering aan onreëlmataige uitgawes bestee is, staan steeds op R5,6 miljard. Senior bestuur, politieke leiers en toesighoudende strukture moet deurentyd ten nouste let op die voorkoms van onreëlmataige uitgawes en oortredings ten opsigte van voorsieningskanaalbestuur. Voorts is dit allerbelangrik dat toesighoudende strukture ondersoek instel na gevalle van gebrekkige nakoming en/of onreëlmataige uitgawes, die gepaste korrektiewe stappe doen en sorg dat die gevolge na behore "bestuur" word.

Daar was 'n verswakkning in die gehalte van prestasie-inligting aangesien geouditeerde hulle steeds op die ouditproses verlaat om wanvoorstellings reg te stel. Rekenpligtige beampies en rekenpligtige owerhede behoort die hoofde van monitering-en-evalueringseenhede tot verantwoording te roep omdat gesonde stelsels nie in plek gesel is om te verseker dat prestasie-inligting deur afdoende en geloofwaardige bewyse ondersteun word nie.

Daar was 'n effense agteruitgang in die stand van sommige geouditeerde se finansiële welstand. Die geouditeerde wat hierdeur geraak is, kon nie na behore hul debiteure bestuur of gelde wat aan hulle verskuldig is, vorder nie. Voorts kon hulle nie hul besteding teen hul begroting afspeel nie; met die gevolg dat hulle vermoë om hul krediteure te betaal en hul verpligtinge na te kom onder druk geplaas is. Regsgedinge en regmatige eise verteenwoordig R407 miljoen van die totale R418 miljoen wat in die huidige jaar ten opsigte van vrugtelose en verkwistende uitgawes aangegaan is.

Hier is dit belangrik dat die administratiewe en politieke leierskap deurentyd hul verpligting sal nakom om te verseker dat alle geouditeerde skoon oudituitkomste behaal.

Op 16 Oktober 2015 het die premier en die LUR vir Finansies vergader met al die LUR'e en leiers van daardie departemente en entiteite wat nie 'n skoon ouditresultaat behaal het nie sowel as met diegene wat agteruitgegaan het. "Ons word bemoedig deur die premier, Gauteng se provinsiale tesourie en die LUR se volgehoue pogings om aanspreeklikheid en doeltreffende toesighouding in die provinsie te bewerkstellig deur te verseker dat inisiatiewe van stapel gestuur en in werking gestel word wat die gewenste impak tot gevolg sal hê."

Die OGSA bly daartoe verbind om hierdie pad saam met die provinsiale leierskap te stap. **Einde**

#### **Hoogtepunte: Uitkomste van die WOFB-oudit vir KwaZulu-Natal vir 2014-15**

Die provinsiale regering bestaan uit 15 departemente, die wetgewer en 21 openbare entiteite. Die resultate van die Business Rehabilitation Trust Fund, Ithala Limited en Ithala Development Finance Corporation word nie by die algemene oudituitkomste ingesluit nie aangesien hierdie oudits nie betyds vir insluiting by die algemene verslag

afgehandel is nie. Ithala Limited en Ithala Development Finance Corporation het albei finansieel ongekwalifiseerde auditmenings ontvang met geen bevindinge rakende nakoming en voorafbepaalde doelwitte nie (skoon oudits); hierteenoor is die audit van die Business Rehabilitation Trust Fund nog nie afgehandel nie. Die provinsiale inkomstefonds is ook nie by die verslag ingesluit nie.

Die provinsie se totale begrote uitgawes vir departemente en die provinsiale wetgewer het in 2014-15 R97 242 miljard beloop. Daar is in hoofsaak aan die volgende bestee:

- Werknemerkoste                                  R59 242 miljard
- Goedere en dienste                                R19 miljard
- Kapitaalbesteding                                R8 miljard
- Oordragbetalings                                R11 miljard.

Oorhoofs toon die resultate 'n effense verbetering aangesien agt geouditeerde (22%) 'n skoon audit in die huidige jaar behaal het vergeleke met ses (2013-14: 17%) in die vorige jaar. Die behaling van skoon oudits, tesame met verbeterings in die menings wat oor sekere auditkategorieë uitgespreek is, is te danke daaraan dat verpligtinge nagekom is en die span leiers se responsiewe, gedissiplineerde en praktiese benadering wat daarop afgestem was om amptenare te bemagtig, vaardighede te ontwikkel en te verseker dat aksieplanne na behore gemoniteer en geïmplementeer word.

**Die status ten opsigte van auditbewegings sien soos volg daaruit:** Die provinsiale tesourie sowel as drie openbare entiteite het hul skoon oudits behou. Samewerkende Regering en Tradisionele Sake (CoGTA) het vanaf die vorige jaar se ongekwalifiseerde auditmening met bevindinge tot 'n skoon auditstatus gevorder. Dit dien vermeld te word dat vername koördinerende departemente, by name die provinsiale tesourie en CoGTA, skoon oudits behaal het, wat daarop duï dat hierdie rolspelers 'n voorbeeld stel. 'n Verdere prominente prestasie was dat Onderwys tot só 'n mate verbeter het dat 'n ongekwalifiseerde auditmening behaal is, gegewe dat hierdie departement die afgelope vier jaar 'n gekwalifiseerde auditmening ontvang het. Maatskaplike Ontwikkeling en die provinsiale wetgewer het vanaf 'n ongekwalifiseerde mening met bevindinge tot 'n gekwalifiseerde mening verswak. Gesondheid, Kuns en Kultuur en Vervoer het weer eens gekwalifiseerde menings ontvang. Hierdie geouditeerde was nie in staat om werk te maak van roerende en onroerende bates, onreëlmataige uitgawes en opgehoopte bedrae en verpligtinge nie.

**Stand van finansiële en prestasieverslagdoening:** Die gehalte van finansiële state wat vir ouditering voorgelê is, het effens verbeter vergeleke met die vorige jaar. Sewentien geouditeerde (50%) het finansiële state voorgelê wat wesenlike wanvoorstellings bevat het vergeleke met 21 geouditeerde (66%) in die vorige jaar. Bevindinge oor die bruikbaarheid en betroubaarheid van verslagdoening teen voorafbepaalde doelwitte het stagnante gebly

op 32% van geouditeerde vergelyke met 36% in die vorige jaar. Die drie grootste diensleveringsdepartemente in die provinsie, naamlik Onderwys, Gesondheid en Vervoer, wat 82% van die provinsiale begroting bestuur, het wesenlike bevindinge oor voorafbepaalde doelwitte gehad.

**Stand van nakoming:** Daar was 'n effense verbetering van 5% vergeleke met die vorige jaar se 19% waar geen wesenlike bevindinge oor nakoming van wetgewing gerapporteer is nie. Nakomingsbevindinge met betrekking tot verkryging- en mensehulpbronbestuur het verswak, terwyl nakomingsbevindinge oor die voorkoming van ongemagtigde, onreëlmatiche en vrugtelose en verkwistende uitgawes sedert die vorige jaar stagnant gebly het.

**Onreëlmatiche uitgawes** het beduidend afgeneem met 60%, vanaf R4,3 miljard in die vorige jaar tot R1,7 miljard in die huidige jaar. Onderwys het grootliks tot die afname bygedra aangesien sy onreëlmatiche uitgawes gedaal het vanaf R2 680 miljoen in 2013-14 tot R448 miljoen in 2014-15. Dit is te danke aan leierskap en bestuur se toewyding om beheermaatreëls verwant aan voorsieningskanaalbestuur te verbeter sowel as intervensies deur die provinsiale tesourie om die uitermatige onreëlmatiche uitgawes wat verband hou met die voorwaardelike toekenning vir die skoolvoedingsprogram, te verminder. Gesondheid, Onderwys en Kuns en Kultuur het 87% (R1,474 miljard) tot hierdie uitgawes bygedra. Die onreëlmatiche uitgawes wat deur die provinsie aangegaan is, is hoofsaaklik veroorsaak deur nienakoming van vereistes vir voorsieningskanaalbestuur. 'n Totaal van R600 miljoen (35%) van die R1,7 miljard aan onreëlmatiche uitgawes aangegaan is geouditeer en daar is bevestig dat goedere vir 100% van die geouditeerde onreëlmatiche uitgawes ontvang is, ondanks die feit dat normale prosesse wat verkryging reël, nie gevolg is nie.

**Ongemagtigde uitgawes** van R143 miljoen wat in 2014-15 aangegaan is, was weens oorbesteding van die begroting. Daar was 'n beduidende afname van 79% in ongemagtigde uitgawes in die huidige jaar wanneer dit met die vorige jaar se bedrag van R685 miljoen vergelyk word. Gesondheid was verantwoordelik vir 90% van hierdie uitgawes.

**Vername beheermaatreëls en waarborgs:** Die ontleding van vername beheermaatreëls duï daarop dat leierskapsbeheer verbeter het en dat die beheer van finansiële en prestasiebestuur gehandhaaf is, terwyl bestuursbeheer vergeleke met die vorige jaar verswak het. Leierskapbeheer het verbeter as gevolg van die verbeterde vlak van waarborgs wat deur politieke en administratiewe leierskap verskaf word, aangesien verpligtinge nagekom is en aksieplanne in baie gevalle ernstig opgeneem word. Die beheer van finansiële en prestasiebestuur was stagnant aangesien daagliks en maandeliks prosesse en rekordhouding steeds ontoereikend is. Bestuursbeheer het verswak omdat die provinsiale ouditkomitee eers laat in die boekjaar aangestel is. Hulle was dus nie in staat om die verwagte waarborgs en bevestiging te lewer dat beheermaatreëls en risiko's dwarsdeur die jaar aanvaarbaar bestuur is nie en dat die gedeelde interne-ouditfunksie sy mandaat

doeltreffend uitgevoer het nie. Die waarborgs wat deur portefeuiljekomitees en die komitee op openbare rekening gelewer is, het ook verbeter. Met 'n beter begrip van die auditproses en die belangrikheid van toesighouding, is hierdie komitees besig om momentum in die provinsie te kry.

Ons ontleding het getoon dat die politieke en administratiewe leierskap die wil en lus het om die provinsiale landskap te verbeter deur aanspreeklikheid en goeie bestuursbeheer te bevorder en deur amptenare in rentmeesterskapposities tot verantwoording te roep. Teen hierdie agtergrond is die provinsie bestem om beter audituitkomste in die jaar vorentoe op te lewer. **Einde**

#### **Hoogtepunte: Uitkomste van die WOFB-audit vir Limpopo vir 2014-15**

Die provinsiale regering bestaan uit die wetgewer, 12 departemente en 10 openbare entiteite. Van die 23 geouditeerde het slegs een (Gateway Airports Authority Limited (GAAL)) nie hul finansiële jaarstate vir die 2014-15-boekjaar binne die wettige tydramwerk ingedien nie.

Die provinsie het oor die afgelope vyf jaar vordering gemaak met die verbetering van sy audituitkomste en het 'n verbetering by sewe geouditeerde aangeteken, terwyl die Departement van Samewerkende Regering, Mensevestigings en Tradisionele Sake verswak het. Die gehalte van die ingediende finansiële jaarstate wek steeds kommer aangesien slegs twee geouditeerde finansiële state ingedien het wat vry van wesentlike wanvoorstellings was.

Een geouditeerde (die Kantoor van die Premier) het 'n skoon audituitkomste behaal, terwyl 14 finansiell ongekwaliifiseerde auditmenings ontvang het met bevindinge oor hul prestasie-inligting en/of nakoming van vername wetgewing. Die Departement van Onderwys het vir die vierde opeenvolgende jaar 'n weerhouding van auditmening ontvang.

Daar was 'n mate van verbetering op die terrein van gevulgeboustuur waar die provinsiale leierskap opgetree het teen swak prestasie, wat daartoe gelei het dat amptenare die gevolge van swak prestasie en oortredings moes dra. Geouditeerde fokus daarop om werk te maak van kwalifiserende aangeleenthede in die finansiële state sonder om dieselfde poging aan te wend sover dit bevindinge oor prestasieverslagdoening en nakoming van wetgewing betref. Voordat dieselfde hoeveelheid aandag nie aan al drie terreine bestee word nie, sal die beweging na meer skoon audits stadig bly.

Daar was 'n merkbare afname in gerapporteerde onreëlmataig sowel as vrugtelose en verkwistende uitgawes van 41% en 34% onderskeidelik. Onreëlmataig uitgawes is egter steeds hoër as die gerapporteerde bedrag in die boekjaar 2012-13.

Die intervensie in die provinsie soos per artikel 100(1)(b) van die Grondwet is in Januarie 2015 opgehef. Die administrasiespan het die grondslag gelê om werk te maak van sommige van die historiese uitdagings rakkende bates en uitgawebestuur waarmee die provinsie in die onlangse verlede las gehad het.

Vir die oudituitkomste om te verbeter, moet die rekenpligtige beampies of owerhede verseker dat in-jaarmoniteringsprosesse vir finansiële en prestasieverslagdoening verbeter en gehandhaaf word.

Die provinsiale tesourie en die Kantoor van die Premier vervul 'n uiters belangrike rol om skoon administrasie aan te dryf en moet saam daaraan werk om finansiële bestuurspraktyke in die provinsie te versterk.

Die komitee op openbare rekeninge en die portefeuiljekomitees moet hul toesighoudende rol opskerp aangesien dit sal verseker dat daar werksgemaak word van die grondoorsake van swak oudituitkomste en dat daar beslis opgetree word teen swak prestasie en oortredings. **Einde**

#### **Hoogtepunte: Uitkomste van die WOFB-oudit vir Mpumalanga vir 2014-15**

Die provinsiale regering bestaan uit 12 departemente, die wetgewer en vier openbare entiteite. Al 17 geouditeerde het hul finansiële state vir die 2014-15-boekjaar binne die wettige tydramwerk vir ouditering voorgelê.

Die totale begrote besteding vir die departemente en die wetgewer in die provinsie was R37 miljard in die boekjaar 2014-15. Die begrote syfer sluit slegs begrote departementele fondse in (met ander woorde, openbare entiteite is nie hierby ingesluit nie). Daar is in hoofsaak aan die volgende bestee:

- Werknemerkoste – R22 miljard
- Goedere en dienste – R7 miljard
- Kapitaalbesteding – R3 miljard
- Oordragbetalings – R5 miljard.

Oorhoofs was daar 'n mate van verswakking in die oudituitkomste. Alhoewel twee geouditeerde hul oudituitkomste sedert die vorige jaar verbeter het, het die verswakking van vier ander geouditeerde 'n negatiewe impak op die oorhoofse oudituitkomste van die provinsie gehad.

Die Departement van Finansies, Mpumalanga-dobbelraad en Samewerkende Regering en Tradisionele Sake het daarin geslaag om hul skoon ouditmenings te behou. Die provinsiale wetgewer het sy skoon ouditstatus vanaf 'n ongekwalifiseerde oudit met bevindinge herwin, terwyl Maatskaplike Ontwikkeling en Mpumalanga se Streekopleidingstrust verswak het vanaf 'n skoon oudit na 'n ongekwalifiseerde en gekwalifiseerde ouditmening

onderskeidelik. Onderwys en Mpumalanga se Toerisme- en Parke-agentskap het ook verswak vanaf 'n ongekwalifiseerde ouditmening met bevindinge tot 'n gekwalifiseerde ouditmening.

Mensevestigings, Kultuur, Sport en Ontspanning, Ekonomiese Ontwikkeling en Toerisme, die Kantoor van die Premier en Openbare Werke, Paaie en Vervoer bly ongekwalifiseerd met bevindinge oor óf voorafbepaalde doelwitte óf nakoming van wetgewing, terwyl Gesondheid, Mpumalanga se Agentskap vir Ekonomiese Groei en Gemeenskapveiligheid, -sekuriteit en -skakeling onveranderd met 'n gekwalifiseerde ouditmening gebly het.

Die inleiding van die vyfde administrasie het veranderings in die politieke leierskap te weeg gebring aangesien 60% van die LUR'e nuut was. Daar was ook veranderings in die administratiewe leierskap weens bedankings en die verstryking van departementshoofde se indiensnemingskontrakte gedurende die jaar. Dit het alles bygedra tot die oponthoud in die implementering van ons aanbevelings en dié van ander rolspelers wat daarop gemik was om werk te maak van tekortkominge in die internebeheeromgewing wat tot swak oudituitkomste aanleiding gegee het.

Slegs sewe geouditeerde (41%) het finansiële state voorgelê waar geen wesenlike aansuiwerings nodig was om kwalifisering te vermy nie.

Wat kommerwekkend is, is dat nienakoming van vername wetgewing oor die drie jaar sedert 2012-13 steeds hoog bly, met 13 geouditeerde (76%) wat gerapporteerde wesenlike bevindinge rakende nakoming van vername wetgewing in die 2014-15-boekjaar gehad het.

Vir die oorsigtydperk is onreëlmataige uitgawes van R2,339 miljard deur 12 geouditeerde (71%) aangegaan, met Gesondheid en Onderwys wat vir 89% van hierdie uitgawes verantwoordelik was. Die aansienlike onreëlmataige uitgawes wat in die provinsie aangegaan is, is grotendeels te danke aan die geouditeerde se nalating om 'n mededingende tender- of kwotasieproses te volg wanneer goedere en dienste verkry word.

Die onreëlmataige uitgawes wat in die provinsie aangegaan is, is ook toegeskryf aan die daarstelling van die Blitsimplementeringseenheid (BIE) in die Kantoor van die Premier. Die uitvoerende gesag in die provinsie het besluit om hierdie eenheid daar te stel om oponthoude in die voltooiing van diensleveringsprojekte uit die weg te ruim. Geen van die projekte wat deur BIE verkry is, het die VKB-voorskrifte gevolg nie, en dit het daartoe geleid dat onreëlmataige uitgawes van R300 miljoen deur die gebruikerdepartemente aangegaan is.

Die finansiële welstand van die provinsie het verswak sedert die vorige jaar. Vier geouditeerde het 'n kontanttekort van meer as 10% van die volgende jaar se begroting gehad, waarvan twee diensleveringsdepartemente (Onderwys en Gesondheid) is wat 68% van die provinsiale begroting uitmaak. Hierdie departemente sal dalk nie in staat wees om hul diensleveringsteikens vir die volgende jaar (2015-16) te behaal nie weens hierdie kontanttekorte. Twee geouditeerde was in 'n oortrokkeposisie, naamlik die

Departement van Openbare Werke, Paaie en Vervoer en, vir die eerste keer, Maatskaplike Ontwikkeling. Die geïdentifiseerde tekort is 'n aanduiding van ernstige uitdagings wat kontantvloeibestuur betref by hierdie departemente wat dringende intervensie aan die kant van die administrasie en politieke leierskap gaan verg.

Ten einde die provinsiale regering se oudituitkomste te verbeter, moet administratiewe en politieke leiers hul verhouding versterk en beter samewerking verseker. Ons is voorts daarvan oortuig dat indien die administratiewe en politieke leierskap begin om die aanbevelings van die onderskeie waarborggewers te implementeer en begin om gevolge vir oortredings toe te pas, daar 'n verbetering in die uitkomste sal wees. **Einde**

#### **Hoogtepunte: Uitkomste van die 2014/15-WOFB-oudit vir die Noord-Kaap**

Die provinsiale regering bestaan uit 13 departemente (die wetgewer ingesluit), ses gelyste openbare entiteite en een handelsentiteit. Die oudituitkomste van die vier ongelyste entiteite (Noord-Kaap-behuisingsfonds, Ngwao Boswa Kapa Bokone, Noord-Kaap se Kuns en Kultuurraad en Noord-Kaap se Politiekepartyfonds) wat deur ons geouditeer is, word nie by hierdie verslag ingesluit nie aangesien hulle as té onbeduidend vir insluiting beskou word. Die inkomstefonds word ook uitgesluit aangesien die oudit eers 'n aanvang geneem het nadat die oudituitkomste van die departemente afgehandel was.

Die Vlootbestuur-handelsentiteit het hul finansiële state betyds ingedien, maar die uitvoering van die oudit is vertraag weens 'n herevalueringsproses wat die gebruik van 'n bestuurskundige behels het. Die herevalueringsproses is ná die jaareinde geïnisieer en het daartoe geleid dat die ouditeure 'n bygewerkte bateregister aanvaar het. Die ouditspan kon nie al die aansuiwerings betyds oudit nie en was nie in staat om hul oudit binne die wettige spertyd af te handel nie. Die oudituitkomste van hierdie geouditeerde word dus nie by hierdie verslag ingesluit nie.

Die provinsie se totale aangesuiwerde begrotingstoewysing vir 2014-15 het R13 390 miljoen beloop. Die begrote syfer sluit slegs begrote departementele fondse in (dit wil sê, openbare entiteite is nie hierby ingesluit nie). Daar is in hoofsaak aan die volgende bestee:

- Werknemerkoste – R7 267 miljoen
- Goedere en dienste – R3 246 miljoen
- Kapitaalbesteding – R1 411 miljoen
- Oordragbetalings – R1 464 miljoen

Die agteruitgang in die oorhoofse oudituitkomste vir die oorsigjaar volg op twee jaar van verbeterings. Ingesciut by die ses swakker ouditmenings is twee departemente (provinsiale tesourie en Ekonomiese Ontwikkeling en Toerisme) wat skoon ouditmenings ontvang het in die vorige jaar, maar nie in staat was om hierdie status te handhaaf nie weens 'n verswakkking in hul nakoming van wetgewing. Die bestuur van die vier geouditeerde wat tot 'n gekwalifiseerde ouditmening verswak het, was nie in staat om te reageer op kommer wat in die meeste gevalle as risikofaktore tydens die vorige audit uitgelig is nie (die Departemente van Landbou, Grondhervorming en Landelike Ontwikkeling; Samewerkende Regering, Mensevestigings en Tradisionele Sake (CoGHSTA); Vervoer, Veiligheid en Skakeling; en die McGregor-museum).

Ses geouditeerde het onveranderd gebly met 'n ongekwalifiseerde ouditmening en vier geouditeerde met 'n gekwalifiseerde mening. Onderwys was in staat om van 'n gekwalifiseerde mening tot 'n ongekwalifiseerde mening met bevindinge te verbeter.

Die feit dat drie geouditeerde (die departemente van Omgewing- en Natuurbewaring en Maatskaplike Ontwikkeling en die Noord-Kaapse Toerisme-owerheid) 'n skoon ouditmening kon ontvang vir die afgelope twee opeenvolgende jare, duï daarop dat 'n kultuur van behoorlike interne beheer en nakoming van voorskrifte en wetgewing by hierdie drie geouditeerde gevestig is. Dit kan daaraan toegeskryf word dat leierskap risiko's op 'n proaktiewe manier identifiseer en daarop reageer.

Slegs sewe geouditeerde (37%) het finansiële state voorgelê waar geen wesenlike aansuiwerings nodig was om kwalifisering te vermy nie.

Ouditverslae van 16 geouditeerde (84%) bevat beduidende bevindinge rakende nakoming. Dit is kommerwekkend en kapasiteit sal binne hierdie departemente en openbare entiteite gebou moet word om nakoming van wetgewing te verseker.

Onreëlmataige uitgawes van R1 472 miljoen is deur 14 geouditeerde (84%) vir die 2014-15-boekjaar aangegaan, met die Departemente van Gesondheid, Onderwys en CoGHSTA wat die vernaamste bydraers was en vir R1 191 miljoen (81%) van hierdie uitgawes verantwoordelik was. Die aansienlike onreëlmataige uitgawes wat deur die provinsie aangegaan is, is hoofsaaklik veroorsaak deur nienakoming van regulasies met betrekking tot voorsieningskanaalbestuur.

Ongemagtigde uitgawes van R97 miljoen wat in 2014-15 aangegaan is, was weens oorbesteding van die begroting. Alhoewel slegs drie departemente hierdie ongemagtigde uitgawes aangegaan het, het die bedrag met

R19 miljoen sedert 2013-14 toegeneem. Gesondheid was verantwoordelik vir R91 miljoen (94%) van hierdie uitgawes.

'n Sterk aanslag en toegewyde leierskap aan die kant van die uitvoerende gesag is nodig om beslis van die volgende werk te maak:

- Die gehalte van finansiële state wat deur 63% van geouditeerde voorgelê is, het wesenlike wanvoorstellings bevat.
- Die groot besteders onder departemente (Onderwys, Gesondheid, Openbare Werke en CoGHSTA) is nie in staat om prestasieverslae van gehalte voort te bring nie.
- Vier-en-tagtig persent (84%) van geouditeerde het beduidende nakomingsbevindinge gehad wat 'n dringende intervensie gaan verg wat in die besonder moet fokus op nienakoming verwant aan VKB.
- 'n Behoorlike prestasiekontraktering- en prestasiebestuurstruktuur moet in plek gestel word om oudituitkomste te verbeter.
- Vorige voornemens is óf nie geïmplementeer nie óf staan op verskeie vlakke van vordering – leierskap moet 'n ondernemingsregister byhou vir implementering- en naspeuringsdoeleindes.
- Die gedeelde interne-ouditeenheid en auditkomitee moet gekapasiteer word sodat hulle hul dienste na die openbare entiteite kan uitbrei. **Einde**

#### **Hoogtepunte: Uitkomste van die WOFB-oudit vir Noord Wes vir 2014-15**

Die provinsiale regering bestaan uit 13 departemente (met inbegrip van die provinsiale wetgewer) en 20 openbare entiteite. Die aantal openbare entiteite het sedert die vorige jaar vanaf 22 tot 20 afgeneem omdat Invest North West en Mafikeng-nywerheidontwikkelingsone gesluit het en beide saamgesmelt het met die Noord-Wes-ontwikkelingskorporasie. Die mandate van die meeste departemente is ook hersaamgestel, met die departemente van Plaaslike Regering en Mensevestigings wat saamgesmelt het en een departement, naamlik Toerisme, wat nuut gevorm is.

Die oudituitkomste van die vyf openbare entiteite word nie by hierdie verslag ingesluit nie omdat hulle nie hul finansiële state betyds ingedien het nie en hul oudits nie teen die afsnydatum vir insluiting by die algemene verslag, naamlik 14 Augustus 2015, afgehandel was nie. Een van hierdie – Agribank Krediteurevereffeningstrust – het sedertdien 'n ongekwalifiseerde auditmening sonder bevindinge ontvang. Die groot aantal uitstaande oudits kan potensieel die totale uitkomste van die provinsie beïnvloed wanneer hierdie oudits afgehandel is.

Oorhoofs weerspieël die oudituitkomste 'n effense verbetering vergeleke met die vorige twee jare, met so te sê 50% van die geouditeerde wat aangepaste menings ontvang het of wie se finansiële state steeds teen die datum

van hierdie verslag uitstaande was. Die Departement van Finansies het sy status as die enigste skoon oudit in die provinsie behou.

Twee geouditeerde het vanaf gekwalifiseerd tot ongekwalifiseerd met bevindinge verbeter, terwyl een vanaf 'n weerhouding tot 'n gekwalifiseerde mening verbeter het. Een departement het tot gekwalifiseerd verswak en een entiteit vanaf 'n gekwalifiseerde tot 'n weerhouding van mening.

Die gehalte van finansiële state wat voorgelê is, bly steeds swak, met slegs vier geouditeerde wat 'n finansiële ongekwalifiseerde mening sou ontvang indien wanvoorstellings wat tydens die oudit geïdentifiseer is, nie reggestel is nie. Bevindinge oor verslagdoening teen voorafbepaalde doelwitte het onveranderd gebly sedert die vorige jaar, met 77% van geouditeerde wat bevindinge gehad het oor bruikbaarheid en/of betroubaarheid, waarby 19% ingesluit is wat glad nie jaarlikse prestasieverslae voorberei het nie. Die geouditeerde met geen bevindinge oor hul voorafbepaalde doelwitte nie, het ook R3 miljard van die provinsiale begroting van R34 miljard (9%) beheer. Die vier grootste diensleweringsdepartemente in die provinsie, naamlik Onderwys en Sportontwikkeling, Gesondheid, Openbare Werke en Paaie, en Plaaslike Regering en Mensevestigings, wat 76% van die provinsiale begroting beheer, het wesenlike bevindinge oor voorafbepaalde doelwitte gehad.

'n Hoë voorkoms van nienakoming ten opsigte van wetgewing verwant aan voorsieningskanaalbestuur het daartoe aanleiding gegee dat onreëlmataige uitgawes tot R2,1 miljard teenoor die vorige jaar se R1,2 miljard toegeneem het. Die risiko-aandrywers wat verband hou met onreëlmataige uitgawes word verhoog in omgewings waar beheermaatreëls power is en kan tot finansiële verliese aanleiding gee weens bedrieglike aktiwiteite, 'n gebrek aan aanspreeklikheid oor hoe openbare hulpbronne bestuur word en goedere en dienste wat teen 'n hoë prys bekom word as die waarde wat dit inderwaarheid vir die geouditeerde oplewer. Die styging in onreëlmataige uitgawes is te danke aan 'n gebrek aan ondersoek na onreëlmataige uitgawes wat aangegaan is sowel as nalating om op te tree teen amptenare wat die voorskrifte en regulasies vir voorsieningskanaalbestuur oortree.

Nalating om basiese vername beheermaatreëls in die loop van die jaar te implementeer, wek steeds kommer. Hierby ingesluit is ontoereikende rekordbestuur, 'n gebrek aan daaglikse en maandelikse prosesse wat die lewering van finansiële en prestasieverslae en verbandhoudende rekonsiliasiemaatreëls begelei, en swak in-jaar-monitering van die nakoming van wette en regulasies.

Om oudituitkomste te verbeter, moet senior bestuurders by die geouditeerde, provinsiale leierskap en toesighoudende strukture ons boodskap ernstig opneem en die aanbevelings implementeer wat in die verlede gemaak is en hier weer eens beklemtoon word. Hierby ingesluit is die volgende:

- Aanstelling van bedreve en ervare personeel in vername vakante poste
- Dringende aandag aan die aanstelling van 'n direksie by alle openbare entiteite en om stabiliteit in hierdie direksies te verseker

- Die auditkomitees, tesame met interne audit, moet die rekenpligte beamptes help om werk te maak van tekortkominge in interne beheermaatreëls en om te verseker dat interne en eksterne ouditaanbevelings geïmplementeer word
- Daarstelling van auditkomitees en interne-ouditfunksies by alle openbare entiteite
- Die uitvoerende owerhede moet steeds aktief betrokke bly, veral ten opsigte van die monitering van auditaksieplanne wat daarop afgestem is om werk te maak van die vorige jaar se bevindinge
- Die provinsiale komitee vir openbare rekening en die provinsiale wetgewer moet rekenpligte beamptes wat aanhou om onder te presteer en wette en regulasies te oortree, aanspreeklik hou vir hul optrede. Hierby word spesifiek ingesluit ondersoeke na vorige jare se ongemagtige, onreëlmotige, sowel as vrugtelose en verkwistende uitgawes en om die nodige dissiplinêre stappe teen oortreders te doen.

Die OGSA se leierskap bly steeds daartoe verbind om die funksionering van vername beheermaatreëls te evalueer en te moniteer, welke maatreëls ingebou is om die publiek se vertroue te herstel in die provinsie se vermoë om op 'n deursigtige wyse rekenskap te gee van openbare hulpbronne. **Einde**

#### **Hoogtepunte: Uitkomste van die WOFB-oudit vir die Wes-Kaap vir 2014-15**

Die provinsiale regering bestaan uit 14 departemente (met inbegrip van die provinsiale parlement) en 11 openbare entiteite. Die getal openbare entiteite het sedert die vorige jaar vanaf 10 tot 11 toegeneem weens die daarstelling van die Saldanhabaai-nywerheidontwikkelingsone.

Die provinsie se totale aangesuiwerde begrotingstoewysing vir 2014-15 het R49 miljard beloop. Die begrote syfer sluit slegs begrote departementele fondse in (dit wil sê, openbare entiteite is nie hierby ingesluit nie). Daar is in hoofsaak aan die volgende bestee:

- Werknemerkoste: R26 miljard
- Goedere en dienste: R10 miljard
- Kapitaalbesteding: R5 miljard
- Oordragbetalings: R8 miljard.

Die positiewe neiging na skoon administrasie in die provinsie, wat in 2012 momentum begin kry het, het deurgeloop na 2015 met 20 (83%) van die 24 geouditeerde (2013-14: 18 uit 23 ([78%]) in die provinsie wat skoon oudituitkomste behaal het.

Twee departemente en een entiteit het na 'n skoon oudituitkomst gevorder; 10 departemente en sewe entiteite het hul skoon oudituitkomste behou, en een nuutgestigte entiteit het 'n skoon oudituitkomste behaal. Twee geouditeerde (9%) het 'n finansieel ongekwalifiseerde mening met bevindinge ontvang, terwyl een geouditeerde (4%) vanaf 'n finansieel ongekwalifiseerde mening met bevindinge tot 'n gekwalifiseerde mening verswak het.

Teen die afsnydatum vir insluiting van ouditresultate by die algemene verslag was die oudit van die Departement van Vervoer en Openbare Werke nog nie afgehandel nie. Die oudit is sedertdien voltooi, met die departement wat sy skoon auditstatus behou het. Indien die oudituitkomste van hierdie geouditeerde by ons ontleding van oudituitkomste ingesluit was, sou die geouditeerde met skoon oudituitkomste tot 87% gestyg het.

Die volgehoute verbetering in oudituitkomste is te danke aan uitvoerende bestuur se voortgesette voorneme om die proses verwant aan die staat se oorsig- en vooruitskouingsrol (CGRO) te ondersteun sowel as die proaktiewe benadering wat deur rekenpligtige beampes, rekenpligtige owerhede en senior bestuur gevvolg word om aksieplanne aan te dryf wat daarop gemik is om 'n kultuur van goeie finansiële bestuur en bestuursbeheer te vestig. Die rekenpligtige beampes en owerhede het goeie praktyke vir mensehulpbronbestuur nagevolg, wat stabiliteit op senior bestuursvlak verseker het sowel as dat hulpbronne wat na behore en toereikend geskool is, veral binne finansiële eenhede, beskikbaar was, onderwyl die prestasie van amptenare tegelyk gereeld gemoniteer is.

Die Wes-Kaapse Behuisingsontwikkelingsfonds het tot 'n gekwalifiseerde mening verswak weens foute in die finansiële inligting wat met bates verband hou. Die leierskap behoort 'n proses van stapel te stuur om die bateregister op te ruim sodat daar met sekerheid gesê kan word dat alle eiendomme wat by die register ingesluit is, wel aan die entiteit behoort. Hulle behoort ook die kategorieë en groottes van die eiendomme te bevestig sodat hulle akkuraat gewaardeer kan word.

Twee geouditeerde (9%) het finansiële state ingedien waar wesenlike aansuiwerings nodig was om kwalifisering te vermy, en vier geouditeerde (19%) het jaarlikse prestasieverslae ingedien waar wesenlike aansuiwerings nodig was om wesenlike bevindinge te vermy. Die verbetering in die oudituitkomste sedert die vorige jaar is te danke aan die implementering van verbeterde oorsig- en rekonsiliatiebeheermaatreëls alvorens inligting gerapporteer en vir oudit voorgelê word. Alhoewel daar 'n algehele verbetering in die gehalte van die ingediende jaarlikse prestasieverslae was, is dit nodig om interne beheermaatreëls via begeleiding en gestandaardiseerde bedryfsprosedures oor alle terreine van prestasie-inligting te institusionaliseer, maar in die besonder wanneer nuwe aanwysers ingevoer word.

Begrotingsbeheer en die monitering van maandelikse verslae deur die provinsiale tesourie het daartoe bygedra dat die provinsie vir die derde opeenvolgende jaar nie enige ongemagtigde uitgawes aangegaan het nie.

In vergelyking met die vorige jaar, het onreëlmataige uitgawes met 52% afgeneem te danke daarvan dat senior bestuur aanspreeklikheid vir monitering en nakoming van wetgewing aanvaar, en in die besonder in soverre dit met verkrygingsprosesse verband hou. Hierdie uitgawes kom nie noodwendig daarop neer dat geld vermors of dat bedrog gepleeg is nie, bloot omdat ons nie spesifiek daaraan gewerk het om dit te bevestig nie. Die essensie van die aangeleenthede wat onreëlmataige uitgawes tot gevolg het, verplig die leierskap nogtans om verdere ondersoek in te stel na hierdie aangeleenthede ten einde vas te stel wat die onderliggende oorsake van oortredings was sodat gepaste stappe gedoen kan word om herhaling te voorkom en om diegene tot verantwoording te roep wat dalk sistematies besig is om beheermaatreëls te omseil. In die oorsigboekjaar het onreëlmataige uitgawes R79 miljoen beloop, waarvan R57 miljoen (72%) verband gehou het met nienakoming van wetgewing wat huis daarop afgestem is om te verseker dat verkrygingsprosesse mededingend en billik is. Via ons normale oudits het ons egter vasgestel dat goedere en dienste wel ontvang is.

Die volgehoue voorneme van die provinsie se uitvoerende leierskap om volhoubaarheid te verseker en die oudituitkomste verder te verbeter, is allerbelangrik om die goeie oudituitkomste te handhaaf deur begrotingsbeheer, die monitering van maandelikse verslae sowel as die afdwing van prestasiebestuursbeginsels, waarby nakoming van wetgewing ingesluit is, te institusionaliseer. Dit word vermag via die CGRO-proses en die voortgesette koördinering van hierdie proses deur die Departement van die Premier en die provinsiale tesourie.

## **Einde**